

Beoordelaars & Opleiding

Vanuit die oogpunt van die verantwoordelike persoon vir beide beoordelaars en opleiding het dinge nie verloop-soos aanvanklik beplan nie.

Die positiewe is dat daar drie beoordelaars nl. Frans Burger, Sias Horn en Johannes Langenhoven gekwalifiseer het en tot die panel bygevoeg is. Baie geluk.

Die negatiewe is dat die opleiding nog nie die nodige uitkomstes bereik het nie, maar daar wel vordering gemaak is.

Die dvd het egter goed gevorder danksy Johannes Langenhoven en hy het baie werk ingesit om die dvd vanuit sy oogpunt bekend te stel. Baie goeie werk en baie dankie daarvoor.

Ek het egter in 'n ander rigting gedink en lê aan julle voor 'n stelsel wat gebaseer op silhoeëtte om rigting aan beide beoordelaars en lede te gee volgens wat die SA Boerperd handleiding sê.

Ons hoop dit realiseer in 2013.

Diederick Cloete